Die komitee insake planne het voorstelle van dank gemaak. Eers aan God vir Sy sorg, leiding, en voorsienigheid. Tweedens aan die Natal-Transvaal Konferensie en die Johannesburgse kerk vir die gebruik van hulle gebou. Hulle is eeparig aangeneem deur die vergadering. 'n Resolusie van medelyde met die familiebetrekkings van werkers en leke wat gedurende die laaste ses jaar oorlede is, is gemaak, en almal het staande hulle simpatie uitgedruk, terwyl Leraar Wright die Here gevra het om die agterblywendes te sien.

In die aand het Leraar Sparrow sy rapport ingedien van die werk in die Suid-Oos-Afrikaanse Unie. Weer was dit 'n storie van oop deure, ongeantwoorde roepstemme en Macedoniese smeekbedes. God maak voorsiening vir Sy werk. Mag Sy genade ons help om tred te hou met ons kanse. Leraar Max Webster het vertel van die beproewinge van die jare van stryd in ons poging om 'n vesting te kry in Portugees Oos. Nou dat ons dit verkry het, moet ons sorg dat ons dit in stand hou.

W. H. HURLOW.

WOENSDAG, 21 APRIL

Hoe bemoedigend is dit nie om mense uit alle afdelings van die Suidelike Afrikaanse Divisie te hoor sing nie! Hulle sing „I'm pressing on the upward way.” Dit is die vroeë biduur. 'n Gebed word gedoen, en 'n lied gesing. Daarna praat Leraar Detwiler.

Sy teks is Joh. 17:17. „Heilig hulle deur U waarheid; U Woord is die waarheid.” Daar is geen ander manier van heiligmaking nie. Ons kan nie die woord aan andere verkondig as ons nie self daaruit put nie. Die uiteinde van elke siel moet bepaal word, en God het ons Sy laaste boodskap van genade gestuur. Ons het toegewyde werkers nodig. Ons moet ons oë gevestig hou op God se ideaal vir ons en deur Sy genade daardie standaard behaal. Dit is 'n heerlike voorreg om hierdie boodskap wat so baie geestelike voedsel bevat, te hoor.

Om nege-uur sal Leraar Wright praat. Hy lê nadruk op die groot verantwoordelijkheid wat op die kerk en die leiers rus in hierdie dae. (Die preek sal op 'n ander bladsy in die *OUTLOOK* verskyn.) Die kerk is stampvol. Dit is verbasend hoeveel van ons leke hierdie dienste bywoon. Ons waardeer hulle teenwoordigheid in ons midde. Die preek is 'n plegtige oproep tot toewyding en reiniging van hart vir so 'n tyd soos hierdie. Ons harte is teer terwyl ons sing, „Not I, but Christ be honoured, loved, exalted.”

Dit is nou tyd vir die raadsitting, en die plankomitee het baie interessante resolusies

om ter tafel te lê. Dit lyk of almal graag iets wil sê. Sendelinge praat van die probleme in die Europese werk, en Europese werkers praat van die sendingvraagstukke. Maar dit is 'n goeie teken, en bewys dat ons in alle dele van die werk belangstel.

Die aanmoediging van leke-predikers en die Dorkas verenigings en die verkoop van hulle artikels word bespreek. Nou weer die opleiding van leke vir diens. Dit eindig die vergadering vir vanmôre, en die komitees word aangesê om om 2:25 n.m. byeen te kom. Een voorsitter het glad sy komitee gevra om om 1:30 n.m. te vergader. Ons vind uit dat die werk verhaas moet word.

Vanmiddag is die komitees druk besig om resolusies te vorm wat môre voor die hele raad moet gelê word. Party besluite word maklik geneem, ander veroorsaak baie bespreking, en sommige word van die hand gewys. Die Ou Boek leer ons dat daar „redding in die veelheid van raadgewers is.”

Om 4:30 vergader ons om die Uitgewers- en die Buurtsending-Departemente te bespreek. Die Mediese werk word die regterarm van die boodskap genoem, maar volgens die besprekings lyk dit of hierdie departemente die bene van die boodskap is.

Vanaand sal ons raadsitting hou plaas van om rapporte in te dien, want ons tyd is beperk. Voorstelle word aangeneem in verband met die verbetering van die huislike lewe van ons naturelle gelowiges. Die *Review and Herald* behoort in elke Engelsprekende Adventist se huis te wees, en ons word gevra om ons gelowiges aan te moedig om in te teken. Dit is nou tyd om te verdaag, en plaas van om te gaan slaap, moet ons nog 'n vergadering bywoon. Dit was 'n besige dag.

F. G. CLIFFORD.

DONDERDAG, 22 APRIL

Na affloop van die vroeë bidstond, is die dag byna heeltemal bestee aan rapporte van die Komitee insake Planne.

VRYPDAG, 23 APRIL

Dit is 6:55 v.m. Leraar Detwiler lei die biduur. Ek sien dat hier leke is wat geestelike versterking kom soek voor hulle werktoe gaan. „Die werk waarmee ons besig is, is in baie opsigte die heerlikste in die wêreld,” is die inleidingssin van die Bybelstudie. Daar is vreugde in die hemel as daar planne beraam word vir die uitbreiding van Gods koninkryk. Nogtans het ons 'n groot verantwoordelijkheid. Ons loop gevaar dat ons diens gewoon en alledaags sal word. Ons aandag word gevestig op die ernstigheid van die baanbrekers van hierdie boodskap. Ons plig as leiers is om ons mense in te lei in die werk. Luister na 'n aanhaling van die kragtige spreker Dr. Robert Speer. „Die predikant moet slegs die kolonel van die regiment wees. Die ware stryd moet gevoer word deur die gelede wat die gewere dra. Geen ideaal kan onchristeliker of onredeliker wees, as

dat die godsdienstige kolonel die vegtery moet doen vir sy manskappe terwyl hulle op hulle gemak stilstaan. En tog is daar nog 'n ander algemene idee wat nog belangriker is, naamlik dat daar hoegenaamd geen stryd moet wees nie, maar dat die kolonel betaal word om vrede te bewaar en sy regiment sagte, opvoedkundige onderwysing te gee wat nie bestem is om die manskappe ooit in ware manlike gevegte te laat deelneem nie."

Vanmôre se boodskap is 'n oproep tot nog dieper toewyding en 'n uitnodiging om groot dade vir God te doen. Nou antwoord die broeders en susters in 'n ernstige ge-tuënis-periode.

Dit is Leraar Branson wat vanoggend preek, en hy lees Openbaring 7:1-4. Ons moet die seël van God, die naam van God, op ons hê. As dit die geval met ons is, sal ons op die regte pad wees. 'n Seël waarborg die inhoud van die voorwerp wat verseël is. Die wet van God is eg omdat die seël van God daarop is. Die volk van God is eg as hulle die seël van God in hulle lewes het. (Vrae word gestel, en die gehoor antwoord geredelik—'n bewys dat hulle 'n goeie begrip van die boodskap het.) Dit is die skeppingswerk wat die ware God van alle valse gode onderskei.

Hierdie hartroerende diens word gesluit met die lied „Jesus paid it all, all to Him I owe."

Na 'n pouse van 'n paar minute, sit die Raad weer om na die rapport van die Plankomitee te luister. Hier is 'n voorstel vir die praktiese en geestelike versterking van ons opvoedingswerk—'n beter opleiding van ons onderwysers, en beter voorbereiding vir evangeliese werk. Ons probeer ook om die rapportering makliker te maak dwarsdeur ons organisasie.

Ons het net tyd gehad vir 'n haastige maaltyd.

Die dae het waarlik verbygevlug. Dit is ons laaste dag van die sessie sover dit besigheid betref. Dit is gepas om op die voorbereidingsdag besluite te neem om die Christelike lewe en gedrag, sowel as die opregte viering van die Sabbat op 'n hoër peil te bring. Dit is geestelike onderwerpe, en pas by ons planne. Die begeerte om die vernaamste dinge die eerste plek te laat inneem, is gedurende die Raadsitting op-gemerkt.

F. G. CLIFFORD.

SABBAT, 24 APRIL

Die sluitingsdag van die raadsitting het aangebreek. Verteenwoordigers van die Rand en Pretoria vul die „Norwegian Hall," kerkskoolsaal, sowel as die Sabbatskoolkamers. Alles is goed gereël, en dit lyk of almal dit geniet.

Die grootmensdiens word gehou deur Leraar W. H. Branson, wat Joh. 3:16 vir sy teks neem. Hy doen 'n dringende oproep op ons om ons harte aan God oor te gee, sodat Hy ons met Sy liefde kan vervul. (Die preek verskyn op 'n ander bladsy in hierdie uitgawe.) Nou word ons gevra

om alles aan God oor te gee. Die werkers staan, hulle vrouens staan, die leke staan. Leraar Wright bid dat ons getrou sal bevonde word.

Die jongmense luister na Leraar Detwiler se beseielende preek gebaseer op die teks, „Die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan." Dit is 'n aanmoediging tot 'n hoër, oorwinnender lewe. Vanmiddag word oud en jonk heerlik verras deur verhale van vooruitgang in verafgeleë sendingvelde onder die seën van God.

Nou woon ons 'n kort maar indrukwekkende plegtigheid by, terwyl Broeder Shankel geördineer word as leraar.

Die sluitingsdiens van die Raadsitting is 'n lofdiens gehou in die kerk. Woorde van lof, dankbaarheid, en moed word gehoor van werkers sowel as leke. Die raadsitting is verby. Dit was 'n geestelike byeenkoms. Elke departement van die werk is bespreek. Metodes en planne is oorweeg. Behoorlike nadruk is gelê op ons groot doele en oogmerke. Ons gaan terug na ons werk, gesterk vir ons taak.

N. T. Konferensie

A. N. Ingle *President*

P. W. Willmore *Sekr.-Tes.*

Bus 7768, Johannesburg, Tvl.

Bybelwerksters-Konvensie

BEGINNENDE 1 Augustus in die kantore van die Natal-Transvaal Konferensie, Orange Grove, Johannesburg, sal daar 'n deeglike maand-Bybelkursus gehou word vir toekomstige Bybelwerksters. Daar sal geskikte en bekwame leerkragte aan die hoof wees. Enige kerklid wat graag 'n Bybelwerkster wil word, kan applikasie maak.

Skryf aan Posbus 7768, Johannesburg, om applikasievorm en volledige besonderhede.



„Die wyse man leer ons die volgende: „Die goed van die ryke is sy sterk stad en soos 'n steil muur in sy verbeelding." Spreuke 18:11. Daar is geen ware sterkte in daardie rykdom nie; op sy beste is dit maar tydelike rykdom, en bestaan maar net in die verbeelding. Hoe dikwels gebeur dit nie dat 'n man in die aand ryk is as hy gaan slaap en die volgende oggend verarm is nie. Oorstromings, brande, ongelukkige spekulasie, ens. het al menigmaal die denkbeeldige steil muur weggevoer, sodat die man sonder beskerming agtergebly het. Hoe vele het nie skatte vergader om hulleself teen alle gevaar te bewaar nie. Maar die dag sal kom wanneer daar 'n einde aan al hierdie dinge sal kom. As God opstaan om die oordeel uit te spreek, sal hulle silwer

en hulle goud nie in staat wees om hulle teen Gods toorn te beskerm nie. Hulle sal selfs hulle silwer en goud, waarop hulle vertrou het, weggooi vir die molle en vlermuise. Hoeveel beter is dit nie om op Go dte vertrou nie!"

Kaapse Konferensie

W. H. Hurlow *President*

Mej. P. E. Willmore, *Sek.-Tes.*

Bus 508, Port Elizabeth, K. P.

Die Konferensie-President Besoek die Kuruman Distrik

Dit het ons genoë gedoen om Leraar W. H. Hurlow hier te verwelkom op Don-derdag agtermiddag, die 5de Mei. Aangesien dit meer as 'n jaar was dat ons konferensie-president of 'n verteenwoordiger ons 'n besoek gebring het, was ons natuurlik grootliks verheug om hom te sien. Die laaste besoek wat ons gehad het, was toe Leraars Hurlow en Palvie van Taungs ons 'n kort besoek gebring het, nadat hulle Broeder en Suster W. M. van Druten van Klipputs, Distrik Barkley Wes, gedoop het.

In die aand het ons 'n Bybellesing gehad oor die „Sabbat." 'n Belangstellende vriend was teenwoordig. Ons geloof dat die Here die saad wat gesaai is, sal laat ontkiem.

Op Vrydag, die 7de Mei, het ons Broeder A. Barnard gaan besoek, sewe-en-twintig myl daarvandaan. Daarna het ons na die plase van Broeders W. M. en G. A. van Druten, naamlik Klipputs en Alwynkop, gegaan, waar ons om 8 n.m. aange-land het.

Die volgende môre het ons 'n genotvolle Sabbatskool gehad, en die preek in die oggendkerk was oor die „Koms van Jesus op die Wolke van die Hemel." In die namiddag het ons Nagmaal gevier met nege gelowiges teenwoordig. Ons het weer teruggegaan na die woning van Broeder Barnard, waar ons weer Nagmaal gehou het. Ons het weer teruggekeer na die woning van die skrywer na 'n reis van honderd-en-een myl.

Sondagmôre na 'n ligte ontbyt, het Leraar Hurlow ons vaarwel gesê en vertrek na Grikwastad waar hy 'n ander groep gelowiges sal besoek.

Mag die engele van die hemel hom lei op sy vermoënde reis, en Suster Hurlow en die kinders veilig bewaar totdat hy terugkom.

P. J. SMIT.



„Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." Joh. 17:3.

Die Midde-Jaar Offerande

Die Doel en Betekenis Daarvan

J. F. WRIGHT

Die Midde-jaar offerande, wat in al ons kerke moet ingesamel word op 3 Julie, sal iets nuuts wees vir u. Dus sal dit van pas wees om 'n woordjie van verduideliking in verband daarmee te sreek, ten-einde die doel en betekenis daarvan te verklaar.

Vir 'n aantal jare het ons eenmaal per jaar in ons kerke kollektes opgeneem, bekend as die Sendinguitbreidings offerande. Hierdie offerande was vroeër bekend as die Groot Week Offerande. Elke jaar is hierdie offerande gewy aan een of ander spesiale doel in die sendingveld, soos byvoorbeeld die oprigting van 'n nuwe kerk, skool, hospitaal, of sendinghuis. In 'n paar gevalle is dit gebruik vir die werk op Helderberg.

Nou het ons vanjaar 'n nuwe naam gegee vir hierdie offerande. Dit is die Midde-jaar Offerande. Ons doel met hierdie verandering is teweete aan die feit dat die Wêreldkonferensie vir jare die gewoonte het om 'n Midde-Somer Offerande elke somer in te samel in oorsese kerke vir 'n spesiale doel in sendingvelde. Ons mense was hoogs tevrede met hierdie stelsel, en leke sowel as werkers het gulhartig bygedra. Dus het ons gedink dit sou goed wees om hier 'n dergelike stelsel te hê, en het gevolglik die Midde-jaar offerande ingestel. Af en toe het 'n deel van die Midde-Somer Offerande na Afrika gekom. Om die waarheid te sê het hierdie Divisie £600 gekry van die offerande wat in 1936 in die Verenigde State van Amerika ingesamel is. Ons het dus gevoel dat dit sou aangenaam wees om ons offerande die Midde-jaar offerande te noem, en tydens die opname daarvan 'n beroep te doen vir spesiale bydraes vir een of ander afdeling van ons werk.

Die offerande vir hierdie jaar moet in al ons kerke opgeneem word op 3 Julie, 1937. Dit sal gebruik word vir die oprigting van 'n damestehuis vir ons ongetroude Europese verpleegsters en onderwyseresse woonagtig op Malamulo. Waarlik, broeders en susters, hierdie tehuis is hoogs nodig. Vir 'n lang (ja, te lang) tyd moes ons dames op hierdie plek woon onder toestande wat uiters nadelig was vir hulle gesondheid. Iedere keer wat ek die sendingstasie besoek het, het ek verlang om hierdie omstandighede te verbeter, maar ek het nie gewet waarheen om my te wend nie. Eindelik, dank sy die Here, het ons besluit om die Midde-Jaar Offerande vir hierdie jaar daarvoor te gebruik. Dit sal £400 kos om die gebou op te rig, en ek hoop en bid dat ons genoeg gawes sal kry daarvoor.

Elke werker in die Divisie word versoek om een dag se salaris te gee. Ons vra ook ons leke om 'n dergelike bydrae

te gee. As daar van hulle is wat nie soveel kan gee nie, dan hoop ons dat hulle so vrywillig as moontlik sal wees. As u die saak oorweeg, hoop ek dat elke vader of moeder hierdie vraag aan hulself sal stel, „Wat sou ek gegee het as dit my eie kind was wat 'n beter plek nodig gehad het om in te woon om in gesondheid te bly?” As hierdie vraag in alle erns gevra word, is ek oortuig daarvan dat ons 'n milde bydrae sal ontvang op Sabbat, 3 Julie, 1937. Liewe mede-werkers, broeders en susters, en jongeliede, laat ons nou almal ons uiterste bes doen om £400 te haal. Wat sê u daarvan? Ek weet u sal u uiterste doen om die doel te bereik.



'n Denkbeeldige Besoek aan Malamulo

„TEN minste een skool in elke afdeling” is die doelwit van die Suidoos-Afrikaanse Unie, in die terrein waarvan nog ontsaglike onbearbeide streke is. Dit kan gesê word van Nyasaland, maar in 'n groter mate van Portugees Oos Afrika. Ons finansiële aangeleenthede en werkkrag moet hier bokant die limiet uitgereyk word. En terwyl ons vorentoe beur om hierdie deur God gegewe doel te bereik, kom daar van Malamulo, die oorsprong van ons werkers, 'n beroep om hulp vir die bou van die nuwe huise van die Europese werkers, om die ou mierevete huisies wat 'n gevaar is vir gesondheid en veiligheid, te vervang. In antwoord op hierdie oproep, sal vanjaar se Midde-Jaar Offerande gestuur word.

Dit is natuurlik dat almal wat hiervoor gee sal geïnteresseerd wees in die werk wat op Malamulo gedoen word; en dus sal ons in verbeelding daar rondloop.

Sal ons nou eers na die kantoor gaan? Kom ons kies die pad wat van die prinsipaal se huis gaan onder twee groot gomlastiekbome. Daardie gebou aan die linkerkant is die ou kerk, wat nou bedags vir 'n klaskamer gebruik word, en saans die seuns se studeerkamer is. Hier is ons nou by die kantoor, en ons draai regs langs die veranda. Hier is die boekhouer se kantoor, en by die lessenaar sit iemand wat u miskien ken — Broeder Denys Symons, onlangs van Helderberg. Hy dra nou die las wat Broeder Ivan Ansley neergelê het met sy verplasing na Blantyre om die posisie van sekretaris-tesourier vir die unie te vul. Let op die telefoonsentrale in die hoek. Die Goewerment het hier 'n poskantoor, en verlede jaar het hulle telefoniese verbinding gekry. Vier telefoons is opgesit op die stasie.

Aan die linkerkant van die trappe is Leraar Nash se kantoor, en hy is nou net

besig om onderwys te gee aan 'n klas. Behalwe die verantwoordelike van prinsipaal van die sendingstasie, dra hy nog die verantwoordelike van Opvoedingsektaris van die unie. As ons daaraan dink dat die stasie twaalf nywerhede het, en dat daar 'n groot opvoedingsprogram vir die Unie is, kan ons verstaan dat dit 'n swaar taak is.

Sal ons nou na die kerkgebou gaan aan die anderkant van daardie groot grasperk? Daar is sitplek vir duisend mense. Die vlerke van die gebou is verdeel in klaskamers wat groot, helder verlig, en lugtig is. Die kamer, wat eintlik die konsistoriekamer is, is Broeder Virgil Robinson se kantoor. Hy is die hoof van die Normaalskool. Al die handgemaakte goed op die tafel is deur die opleidingskoolstudente gemaak. Elke artikel is 'n soort huisraad, of iets anders wat in 'n dorpskool kan gebruik word. Dit is verbasend hoeveel artikels selfs 'n nuweling kan vervaardig vir 'n skoolkamer. Gaandeweg wil ons melding maak van die feit dat die getal leerlinge vanjaar 550 is.

Nou gaan ons na die hospitaal. Maar ons moet eers uitdraai om na die bewerkte stukkie grond te kyk. Kyk daardie stuk pragtige, gesonde melies, en vergelyk daardie ander slegte stuk daarby. Die eerste is op 'n goeie manier bewerk, terwyl die ander soos deur 'n onkundige bewerk is. Die erwe beslaan omtrent twee akkers, en al die gewone natuurlike-gesaaides word op dieselfde manier gedemonstreer. As daar dus 'n onderwyser uitgestuur word van Malamulo, het hy praktiese lesse in landbou gehad, wat hy alles self met sy eie hande gedoen het, en elke stadium daarvan met sy eie oë gesien het.

Nog 'n honderd treë verder is die natuurlike-hospitaal, waarvan Mej. Piatt die matrone is. Dit is half-tien, en sy is by die leprosegestig, dus sal ons maar alleen moet rondloop. Hier sal ons eers in die Administrasiegebou ingaan. Kyk hierdie operasiekamer; en hier is die dokter se kantoor; en hier is die laboratorium. Een van die leerlinge is besig om kieme deur 'n mikroskoop te bestudeer. Hierdie gedeelte van hulle opleiding dien om hulle die noodsaaklikheid van nethed en gesondheidsleer te laat besef. In hierdie kamer word die medisynes gehou. Nou gaan ons deur die swaaideur na die ander geboue! Aan die end van die paadjie is die apteek waar die daelike werk gedoen word. Aan die linkerkant is die mans- en aan die anderkant die vrouensafdelings. Verlede jaar is daar 3,205 pasiënte behandel. Die gronde oorgetrek met kortgesnyde gras en hier en daar beskadu deur swierige bome, laat die hele stasie pragtig lyk, nie waar nie?

Wil u graag nog 250 treë loop om die

dokter se huis te sien met die Europese hospitaal langsaan? Die hele plek is stil, en al wat 'n mens hoor, is die gefluit van die jong wat besig is met sy werk om die gronde skoon en netjies te hou. Mej. Melville, die matrone van die Europese hospitaal, is by die Mwami Sendingstasie as plaasvervangster vir Mej. Southgate wat op verlof is. Ons nuwe dokter het nog nie gekom nie, en ons hoor gedurig, „Wanneer kom die nuwe dokter?” Ons hoop dat teen die tyd dat hierdie artikel gepubliseer word, Dr. Chapin al hier sal wees om die werk voort te sit wat gefloreer het onder die bestuur van Dr. Marcus.

Nou loop ons weer na die middel van die sendingstasie, langs 'n voetpaadjie deur groot mielielande, by die modelskool verby. Hier doen die normaalstudente hulle praktiese werk. Metodes! metodes! metodes! en om hulle in praktyk te bring is die doel van Broeder Robinson wat noukeurig uitgevoer word. Dit is miskien die rede waarom ons altyd sulke goeie resultate kry in die goewermentseksamens.

Nou gaan ons na die drukkerij. Die masjiene kondig aan dat die drukpers doeltreffend en ritmies werk. Hier word 'n dosyn of meer bediendes aangehou. 'n Paar weke gelede het 'n tee-planter 'n bestelling ingestuur vir die waarde van £80. Bestellings vir allerhande soorte werk word gestuur, en so-te-sê al die behoeftes van ons eie sendingstasies word hiervandaan voorsien. 'n Blik na die groot rakke in die stoor vertel ons dat daar sowat twee ton papier van allerlei soorte en kleure is.

Dit is nou tyd om na die leprosegestigte te gaan. Kan u drie-kwart myl ver loop? Dit is afdraand, maar natuurlik opdraand as ons weer terugkom. Kyk al die skaduryke bome, en die netjies uitgelêde kamp. Hier is Mej. Piatt, wat ons interessante besonderhede kan meedeel. Al die stene gebruik in die bou van die drie behandelingskamers, die ruime kerkgebou, en die 104 hutte, is deur die melaatses self gemaak. Liggaamlike oefening is 'n belangrike deel van hulle genesing. Die pynlike inspuitinge en die aanhoudende behandeling word beskryf, wat uiteindelik beloon word met algehele genesing. „Verlede jaar,” sê sy, „is vyf-en-veertig melaatses teruggestuur, wat geen teken van die siekte gehad het nie.”

Daar die son nou warm word, sal ons terugkeer na die stasie. Dit is 'n lang opdraand, maar die bloekombome weerskante vorm 'n pragtige laan. Ons is al amper bo. Hier is die meide-kamp, aan die hoof waarvan Mej. Curtis is. Sy verdeel die meide in families, en stel dan een aan as moeder in elke familie. Elke familie is 'n aparte eenheid, en woon in 'n aparte hut, sodat elke familie vir hulself koskook en sorg net soos 'n familie in 'n dorp. Ook hier word die dinge wat hulle leer, prakties beoefen, byvoorbeeld, hoe om 'n Christelike huis te hou. Hierdie afdeling is nog jonk, maar gaan vinnig vooruit. Sodra dit koel word, sal ons die model-

stasie besoek, elk waarvan 'n hoofman het; die melkery, wat jaarliks omtrent £600 opbring; die mandjiemakery, die blikwinkel, die kaffer-kamp, en baie ander interessante dinge. Omtrent die huise, egter, en die behoefte aan nuwe huise, sal Leraar Sparrow in die volgende uitgawe vertel!

Van Ander Lande

Geloof is die Oorwinning

G. S. MAXWELL, KENIA

DIT was Sabbatmore en die son het heerlik geskyn. Die statjie van die Christenaturelle was skoon en agtermekaar. Die wuivende lappe mielies het getuig van 'n milde oes. Die klok het gelui vir die Sabbatskooldiens.

Skielik is die son verduister, en daar is 'n dreunende geluid gehoor. Almal het gekyk om te sien wat dit veroorsaak. Dit was sprinkane! Die hele lug was vol van hulle, en op die grond het hulle gekriool.

Almal dink dadelik aan hul mielies op die lande. Hongersnood staar hulle in die gesig. „Laat ons skreeu en 'n geraas maak,” kom daar tegelyk uit baie monde. Maar bokant die lawaai word die klok gehoor wat die mense na die diens roep, en hulle daaraan herinner om die Sabbat te heilig.

Almal is kerk-toe. Na die Sabbatskool het die predikant uit Maleagi 3 geles: „Ek sal ook die sprinkane van julle afweer.” Dit is Gods belofte aan die getroues; en het hulle nie getrou hul tiendes betaal nie? Harte is ondersoek en ernstige gebede het opgestyg. Tot laat die middag het die diens aangehou. Toe die son ondergaan is 'n besoek gebring aan die tuine. Kyk wat God gedoen het! Die sprinkane het vertrek en nie een mielie is beskadig nie.

Die heidense naturelle het kom kyk, want hulle het verwag om verwoesting te sien, dog verbaas moes hulle verneem na die oorsaak van hierdie wonderwerk. Daar word verwys na die beloftes van die Here, en die aandag word gevestig op 'n God wat gebed verhoor. 'n Ou heidense vader, krom van die ouderdom, tree vorentoe. „As dit die manier is waarop julle God julle help,” het hy gesê, „dan wil ons ook met Hom kennis maak. Ons harte is gereed vir Sy boodskap. Kom leer ons.”

Dit was tydens die kampdienste, en kortkort het daar ongewenste buie reent gekom en die aarde benat. Die sendelinge was ontsteld hieroor, en daar was gewis tekens dat die reëns ook die kampdienste op die volgende plek sou onaangenaam maak. Na hulle sake bespreek het, het hulle besluit om maar kennis te gee dat die dienste uitgestel sou word vir beter weer.

Toe het die onderwysers en evangeliste gekom. „Wat moet ons nou hoor?” het hulle gevra. „Vir weke reeds het ons gebied

om mooi weer vir ons kampdienste, en nou besluit u om nie die dienste te hou nie. Ons het geloof, en ons glo dat God ons gebede verhoor het.” Die kampdienste is derhalwe op die oorspronklike datum gehou; daar is 160 siele gedoopt, en daar het nie 'n druppeltjie reent geval nie.

(Word vervolgt)

Farewell

(Continued from page 7)

day we were unable to go ashore and look up Elder Raitt who is stationed here. However, this morning Mr. Boger went ashore and found that Elder Raitt and family had gone to England to put Sister Raitt under medical care. We hope the day will be fine enough tomorrow to allow of our going ashore and that the sunshine will come through long enough to allow of a few pictures for our picture-travelogue. We want to get a good picture of our ship, though nothing particularly attractive as ships go from without, but truly within it is kept spotless and tidy.

We have music, though no piano as there is no room for one. The musical little zither-gong tapped gently gives out music like the rippling of waters as it invites us to our meals.

Sometimes they “tune in” on some celebrity from far east Japan. Then our untrained ears become confused in the melody until we scarce know to which we may compare it for our appreciation—whether to the likeness of the noise our kittens used to make when in a feud or to wailings for the dead we have heard in certain places. However, it is not an everyday occasion.

We are learning to enjoy rice about three times daily, really enjoy it!

Mr. Boger is feeling better on the whole, sleeping well and enjoying his meals. We brought a small library along with us and also find they have one on board.

Good-bye until we greet you from Japan or somewhere else.

ELDER AND MRS. E. C. BOGER.

Appreciation

WE hereby wish to express our thanks and appreciation to members of the Bulawayo church and other friends for their tender sympathy and kindness extended to us in our recent bereavement.

MRS. A. BURTON AND FAMILY.

General News Notes

ELDER WRIGHT, accompanied by Elder Branson and family and Elder Detwiler are on their way to attend camp-meetings in the Northern fields and then these our visiting brethren will wend their way back to the States. Their visit to this Division will long be remembered.

ELDER AND SISTER E. C. BOGER, whose farewell message will be found on page seven of this issue, sailed from Durban several weeks ago for the States.

Elder and Sister Boger came to Africa in the year 1923 and during their sojourn of 14½ years in our midst, they have rendered loyal and faithful service both in the Congo and Zambesi Unions—Elder Boger occupying the position of union superintendent.

Elder and Sister Boger have spent many years in fever-stricken countries and now, because of greatly impaired health, may not be able to return at the close of their furlough period.

As they leave the shores of Africa we wish to sound a word of appreciation for their untiring efforts in behalf of the cause of God in Africa. May the Lord keep them and us faithful until that great day when Jesus shall come to gather His elect.



Obituary

FLANNAGAN.—Letitia Flannagan was born in the Cape Province, January 31, 1864 and passed away on March 21, 1937, at Johannesburg. Sister Flannagan embraced the third angel's message at East London under the labours of Pastor W. H. Hurlow and joined the Seventh-day Adventist church of that city. Some months prior to her death she moved to Johannesburg joining the church at Orange Grove. Sister Flannagan was a devoted Christian, having committed her all to her Lord and Master. She was faithful to the last and now rests from her labours till the Master's return.

She leaves to mourn five sons and two daughters who miss her kindly ministrations and love. It was the writer's privilege to minister to our sister in life and in death. We laid her to rest at Brixton in the sure and certain hope of resurrection to eternal life. A. W. STAPLES.

Stop Press News

CHEERING REPORTS about Harvest Ingathering are coming in from various parts of the South African Union. Conference workers soliciting among city business men find a ready and generous response to their appeal.

VALUABLE HELP is provided the solicitor in this year's Harvest Ingathering magazine. Be sure to peruse it carefully and note the fine array of interesting and appealing points it contains.

WONDERFUL OPPORTUNITIES lie before you this year. It takes £5 to support our entire work in Southern Africa for fifteen minutes. Won't you grasp the opportunity of supporting it for at least one quarter of an hour? What an opportunity—and a privilege!

GLORIOUS VICTORIES have been won for the cause of God by simple instruments in the hands of faithful people. Moses with a rod; Shangar with an ox-goad; Gideon with lamp and pitcher; David with a sling; Dorcas with a needle; all did valiantly.

You with an ingathering magazine can do just as valiantly if you will only exercise the simple faith they did.

TIME CHLOROFORMS DESIRE so while the desire to ingather is with you just harness it to action. Then keep them together till your territory is finished and you will reap a goodly financial harvest for the cause as well as a rich spiritual one for your own soul.

"CAN'T is the word that is foe to ambition. An enemy ambushed to shatter your will;

Its prey is forever the man with a mission And bows but to courage and patience and skill.

Hate it, with hatred that's deep and undying,

For once it is welcomed 'twill break any man;

Whatever the goal you are seeking, keep trying

And answer this demon by saying: 'I can.'

—Edgar A. Guest.

The Southern

African Division Outlook

Published semi-monthly by the General Conference of Seventh-day Adventists (Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

D. A. WEBSTER Editor.
Miss L. M. KLEINERT Asst. Editor.
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright President.
C. W. Bozarth Treas. and Auditor.
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
L. L. Moffitt Religious Liberty Secy.